NATUURWETENSKAP GRAAD 5

11–15 MEI

Uitdruk van die toets is opsioneel. Toets kan op addisionele A4-lyntjies papier gedoen en gebêre word. SLEGS die antwoorde is nodig.

MOET DIT ASB. NIE IN JOU NW SKOOLWERKBOEK DOEN NIE!

Hersieningstoets van
ONDERWERP
1

1. **Kyk na die volgende prentjies en sê wat elkeen genoem word. Sê van watter materiaal elk gemaak is of dit 'n metaal of nie metaal is en gee ook 'n gepaste eienskap van die materiaal waarvan die produk gemaak is.** **(10)**

	Produk	Materiaal	Metaal of nie-Metaal	Eienskap

2. <u>Vul die ontbrekende woorde in.</u> **(7)**

2.1. Metale _____ teen hoë temperature.

2.2. _____ is om ‘n metaal met ‘n ander metaal oor te trek.

2.3. Aluminium is ‘n _____ maar _____ metaal.

2.4. Wanneer ‘n voorwerp hitte of elektrisiteit oordra na ‘n ander voorwerp sê ons hy is ‘n goeie _____ van hitte.

2.5. Elektriese kabels word gemaak van _____.

2.6. _____ is ‘n metaal wat gebruik word om yster mee oor te trek sodat die yster nie roes nie.

3. <u>Die volgende stellings is VALS. Skryf die sin korrek oor deur die stelling waar te maak.</u> **(5)**

3.1. Erts is ‘n stof wat minerale of metale bevat.

_____

3.2. Smeerbaar is iets wat in ‘n vorm gehamer of geslaan kan word.

_____

3.3. Nie-metale is goeie geleiers van hitte.

_____

3.4. Polimeer is plastiek, rubber en hout.

_____

3.5. Alle metale en nie-metale het dieselfde eienksappe.

_____

4. <u>Gee ‘n volledige definisie van die woord ALLOOI en gee ‘n voorbeeld.</u> **(2)**

_____

_____

_____

5. Beantwoord die vrae oor elke voorwerp.

'n Metaalkastrol.

5.1. Noem die eienskappe van die metaal waarvan die kastrol gemaak is. (4)

_____

_____

5.2. Hoekom is die eienskappe nuttig/nodig vir die funksie van die kastrol? (1)

_____

_____

5.3. Die heining in die foto is van draad gemaak.
Watter eienskap van metaal laat toe dat ons 'n doringdraadheining van metaal kan maak? (1)

_____

_____

_____

5.4. **Watter eienskap het 'n skroefsleutel nodig om boute vas te draai?** **(1)**

_____

_____

5.5. **Hoe help die eienskappe van metale met die funksie van 'n skroefsleutel?** **(1)**

_____

_____

5.6. **Indien die skroefsleutel van plastiek gemaak was, dink jy dit sou so goed gewerk het? Gee 'n rede vir jou antwoord.** **(2)**

_____

_____

5.7. **Munte word van verskillende metale gemaak. Hoekom dink jy word munte van metaal gemaak?** **(1)**

_____

_____

_____

Totaal: 35